# 7 Augustus 2023 - Lesing 93 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Geboorte van Messias II **–** 25/12/58

**NO: 7238** Niemand kan die diepte van die Goddelike Liefde peil wat Haarself uitgedruk het in die feit dat God Self na die aarde neergedaal het, ten einde die daad van verlossing ten behoewe van die mensdom te volbring nie. Hy het meegevoel gehad met die mense se **onmeetbare sondeskuld**, want die sondaars self was nie in staat om dit self af te los nie, aangesien die oortreding teen God se Liefde ten volle bewustelik gedoen was. Nie omdat as gevolg van "onvolmaakt-heid" die wesens nie in staat was om hul oortreding teen God te herken nie, **maar omdat hierdie wesens helder verlig was** en daarom God in Sy krag en heerlikheid herken het.

Maar hulle was nie in staat om Hom te sien nie en daarom, ten spyte van hul beterwete, volg hulle die **een wat homself aangebied het as God en Skepper** en hulle volg hom want hulle **kon hom sien**, alhoewel hulle ook bewus was daarvan dat hy ook maar net 'n **produk** was van God se kreatiewe wil en krag.

Die grootte van die skuld is die feit dat die wesens verlig was deur die lig van insig en **ten spyte daarvan**, hulleself weggedraai het van hulle God en Skepper van ewigheid. En dit was onmoontlik vir hulle om hierdie groot skuld te delg, **want hulle was nie meer in staat om die sonde ongedaan te maak nie**, hulle het belas gebly daardeur en die enigste oplossing was vir God om hierdie sonde Self af te los.

Maar dit kon ook net plaasgevind het binne die raamwerk van die **goddelike geregtigheid**, want elke skuld vereis **versoening** om afgelos te kan word. En om hierdie versoening vir die mensdom te lewer, het God neergedaal na die aarde en het die daad van verlossing **in die mens JaHshua** vervul.

**God Self was nie in staat om te ly nie**, maar Hy wou die lyding op Homself neem wat die mensdom verdien het as gevolg van die sonde van hulle vorige afval van God. En dit is die rede waarom 'n mens **in Wie se omhulsel God Homself geïnkarneer het,** die lyding op Homself geneem het, die Ewige Liefde, Wie dus die offer wou aanbied, die offer van versoening vir die groot skuld.

'n Mens met 'n hart vol liefde het toegelaat dat Hy aan die kruis vasgenael word vir die hele menslike ras en slegs liefde het Hom gemotiveer om hierdie daad van deernis te volbring. 'n Mens met alle menslike swakhede en vrese het 'n bittere aardse weg geneem en die liefde in Hom het konstant toegeneem, want God Homself was in hierdie mens en daarom was die **woorde en dade van die mens JaHshua slegs deur liefde gemotiveer**, net soos wat liefde uiteindelik die bittere weg van lyding geloop en verduur het en gesterf het aan die kruis.

Dit was geen willekeurige daad deur 'n mens wat Homself vir Sy medemens geoffer het ter wille van 'n voordeel nie, Hy was bloot gedring deur die liefde om die daad van medelye te volbring, omdat Hy geweet het dat hulle weg na die koninkryk van lig **gesluit was** en so sou bly, alvorens hulle nie eers van hulle sondeskuld bevry was nie.

Hy het geweet waaruit die oorspronklike sonde bestaan het en dat hulle **nooit in staat sou wees** om self vir hierdie sonde te vergoed nie. En daarom het Hy vrywillig die offer van versoening aan God gebring ten einde sy medemens te verlos. In der waarheid het die liefde in hom, hom gedring om dit te doen; **dit was die ewige Liefde Self**, Wie dus die mense wou verlos van hul ondenkbare skuld, want die ewige Godheid was in volle oorvloed in die mens.

En so moet God se **menslike manifestasie** verstaan word, **dat die ewige Liefde Haarself in 'n mens beliggaam het** wat Homself so voorberei het dat die Ewige Liefde in staat was om in Hom te woon en dat alles wat JaHshua in die aardse lewe gedoen het, was in der waarheid deur God Self gedoen, **dat 'liefde' die mens JaHshua se elke voorneme, denke en optrede bepaal het,** dat die mens beslis gely en gesterf het aan die kruis, **maar dat God Self in hierdie man was**, dat Hy dus die daad van verlossing volbring het vir die mensdom.

Slegs wanneer mense insien dat God liefde is, sal hulle ook die probleem van God se menslike manifestasie begryp en sal hulle verstaan **dat God en JaHshua Messias een is,** dat Hulle nie twee persone is nie en **dat die Goddelike Eenheid nie betwis kan word nie**, omdat Liefde die menslike houer deurdring het en dus **was die uiterlike vorm van JaHshua ook die sigbare vorm van die Goddelike Liefde Self**, dat Hulle nie afsonderlike Wesens is nie, maar altyd net God Self.

Die probleem van God se menslike manifestasie kan slegs op hierdie manier opgelos word, maar dan sal 'n persoon dit ook maklik vind om JaHshua te erken en hy sal by Hom skuil en deur 'n beroep op Hom te doen, doen hy 'n beroep op God self en Hom dus daardeur erken.

En sy oorspronklike sonde sal uitgewis word, want God self het neergedaal na die aarde vir sy skuld en om die daad van verlossing te volbring, die daad van versoening, namens hom. Amein.